
# VIDAC FLO


BEFORE USING THIS PRODUCT, READ THE LABEL CAREFULLY
VIDAC FLO
FUNGICIDE
Reg. No. L9688, Act/Wet No. 36 of/van 1947
Namibian Reg. No. N-AR 2108
1: 05/11/2014
A suspension concentrate fungicide for the control of the diseases on crops as listed.
'n Suspensiekonsentraat swamdoder vir die beheer van siektes op gewasse soos aangedui.
FRAC FUNGICIDE GROUP CODE
27
FRAC SWAMDODERGROEPKODE
ACTIVE INGREDIENT / AKTIEWE BESTANDDEEL
Cymoxanil (ethyl urea)
300 g/ℓ
Simoksanil (etielurea)
Registration Holder / Registrasiehouer
Meridian Agrochemical Company (Pty.) Ltd. / (Edms.) Bpk.
Reg. No. 2000/010819/07
P.O. Box / Posbus 436, Modderfontein, 1645, South Africa / Suid- Afrika
5ℓ
UN Number: 3082
Meridian agritech
CAUTION / VERSIGTIG
DIRECTIONS FOR USE ENCLOSED
REFER TO DETAILS AS PRINTED ON CONTAINER / BAG
Batch Number
Date of manufacture
GEBRUIKSAANWYSINGS INGESLUIT
VERWYS NA BESONDERHEDE SOOS OP HOUER / SAK GEDRUK
Lotnommer
Datum van vervaardiging

**WARNINGS**
**Allow the following number of days between last treatment and harvest or use as food or feed:**

Table grapes…………………………………………………………………………...21 days*
Wine grapes…………………………………………………………………………....14 days
Potatoes.......……………………………………………………………………….....14 days
Tomatoes.......………………………………………………………………………....7 days

*For applications of **VIDAC FLO** on table grapes, consideration must be given to the manufacturer's recommended withholding period for tank mix partners.

IMPORTANT: The recommended withholding period between last application and harvest meets local residue requirements, but may not meet export requirements.

- Handle with care.
- Harmful if inhaled or swallowed.
- Toxic to fish and aquatic organisms.
- Store under lock and key in a cool, dry place away from humid air and water.
- Store away from food, feed, fertilizer and other agricultural products.
- Store in the original container, tightly closed, in a secure, well-ventilated room.
- Keep out of reach of children, uninformed persons and animals.
- **Re-entry** – Do not enter treated area until spray deposit has dried unless wearing protective clothing.
- **VIDAC FLO** has been tested on some of the most important commercial cultivars without any phytotoxic effects. More susceptible cultivars may be released in future which need to be tested; for this apply **VIDAC FLO** to a limited test area before commercial applications are made.

**Although this remedy has been extensively tested under a large variety of conditions, the registration holder does not warrant that it will be effective under all conditions. The activity and effect thereof may be affected by factors such as abnormal soil, climatic and storage conditions, quality of dilution water, compatibility with other substances not indicated on the label and the occurrence of resistance of the disease against the remedy, as well as by the method, time and accuracy of application. The registration holder furthermore does not accept responsibility for damage to crops, vegetation, the environment or harm to man or animal, or for lack of performance of the remedy concerned due to failure by the user to follow the label instructions, or to the occurrence of conditions which could not have been foreseen in terms of the registration. Consult the supplier in the event of any uncertainty.**

**PRECAUTIONS**

- Do not inhale fumes or spray mist.
- Avoid skin and eye contact by wearing protective clothing when mixing the product. Should eye contact occur, flush with plenty of water and get medical attention if necessary.
- Wash with soap and water after use and accidental skin contact.
- Wash contaminated clothing after use.
- Do not eat, drink or smoke while mixing, or applying, the product or before washing hands and face.
- Avoid drift of spray onto other crops, grazing, rivers, dams and areas not under treatment.
- Clean applicator after use. Dispose of rinsate where it will not contaminate crops, grazing, rivers, dams and boreholes.
- Containers must be completely emptied before being disposed of.
- Do not use the empty container for any other purpose.
- Prevent contamination of food, feeds, drinking water and eating utensils.

## RESISTANCE WARNING

For resistance management, **VIDAC FLO** is a group code 27 fungicide. Any disease population may contain individuals naturally resistant to **VIDAC FLO** and other group code 27 fungicides. The resistant individuals can eventually dominate the disease population if these fungicides are used repeatedly. These resistant diseases may not be controlled by **VIDAC FLO** or any other group code 27 fungicide.

**To delay fungicide resistance:**

- Avoid exclusive repeated use of fungicides from the same fungicide group code. Alternate, or tank mix, with registered products from different fungicide group codes.
- A spray programme of mixtures, or alternations, with remedies with a different mode of action, may delay resistant strain build-up.
- Integrate other control methods (chemical, cultural, biological) into disease control programmes.

Since the occurrence of resistance cannot be forecast, users are advised to keep treated crops under close observation. If treatment is not effective following the use of **VIDAC FLO** as recommended, a resistant strain may be present. If a resistant strain is positively identified, consideration should be given to prompt use of a fungicide with a different mode of action for which there is no record of resistance to the relevant disease. For specific information on resistance management, contact the registration holder of this product.

## USE RESTRICTIONS

- The uptake and activity of systemic compounds can be reduced when crops are under severe drought and/or nutrient stress conditions. Therefore, do not apply **VIDAC FLO** under such conditions.
- Spray programmes with **VIDAC FLO** should commence before disease/s become established.
- Do not apply **VIDAC FLO** to any crop or situation not mentioned in this instruction leaflet.
- Only apply **VIDAC FLO** using an accurate and safe application technique.
- Do not apply this product in combination, or tank mixture, with any other product or agricultural remedy which is not specifically listed on this label. Meridian Agrochemical Company (Pty) Ltd accepts no responsibility for any negative effects experienced if the instructions on this label are not adhered to, unless a Meridian representative was consulted beforehand.
- If **VIDAC FLO** is used in combination with other recommended products, consideration should be given to the restrictions of those respective products.

## DIRECTIONS FOR USE
**Use only as directed.**

## MIXING INSTRUCTIONS

Half-fill the spray tank with suitable water, then add the required amount of **VIDAC FLO** to the water in the tank while agitating. Fill the spray tank to the desired volume. Do not use brackish water. Should tank mixtures with other products be made, follow the respective manufacturers' label recommendations. Where wettable powder formulations are used in combination with **VIDAC FLO**, a slurry should first be made with the powder and some water, mixed into the spray tank and, finally, the **VIDAC FLO** can be added. **Tank mixtures must be sprayed out immediately and not allowed to stand in the spray tank**. Spraying equipment must be thoroughly flushed out at the end of the spraying operation.

## COMPATIBILITY

The compatibility of **VIDAC FLO** with other products depends on the formulations of the respective products as well as the quality of the spray water to be used. As formulations change

from time to time, it is recommended that a physical compatibility test be done prior to the tank mixture being made. Do not tank mix **VIDAC FLO** with products that have an alkaline reaction. **VIDAC FLO** is compatible with most agricultural remedies normally used on the crops listed below. **VIDAC FLO** is compatible with: **Alaris WG** (L9102), **Mancozeb 800 WP** (L9169), **Solsan SC** (L9590) and **Valeo 500 SC** (L9086).

**MODE OF ACTION**

Cymoxanil is a foliar fungicide with a protective and curative action. It has contact and local systemic activity, and also inhibits sporulation.

**APPLICATION METHODS**

Ensure that the equipment is correctly calibrated and is checked regularly during application to ensure even and accurate application. **VIDAC FLO** can be applied with conventional tractor boom sprayers in 300 – 1 500 ℓ water/ha as well as high volume mist blowers. **Constant agitation throughout the spray operation is essential**. Only clean water should be used.

**RECOMMENDATIONS**

| | | |
|---|---|---|
| **Potatoes and tomatoes**<br>Late blight<br>(*Phytophthora infestans*)<br><br>Early blight<br>(*Alternaria solani*) | 600 mℓ / ha<br>**PLUS**<br>a suitable contact fungicide such as **VALEO 500 SC** (L 9086), **MANCOZEB 800 WP** (L 9169) or **SOLSAN SC** (L 9590) at its respective recommended dosage rate. | Commence with a preventive spray programme as soon as conditions are conducive to disease development. Under conditions of low infection, apply every 10 – 14 days. Under conditions of higher infection pressure, reduce the spray interval to 7 – 10 days, and apply at least two consecutive applications of **VIDAC FLO** and the highest recommended rate of the selected tank mix partner. Apply during the period of active growth of the plant as a high volume, full cover spray. Depending on the plant size, apply in 300 – 1 500 ℓ water per ha. Apply in a programme and use sufficient spray mixture to obtain adequate coverage.<br>Add a suitable adjuvant, such as a crop oil concentrate, at the recommended rate to the spray mixture, especially if rain is imminent.<br>DO NOT APPLY MORE THAN 5 TIMES PER SEASON.<br>Refer to respective contact fungicide labels for further instructions and restrictions.<br>Read "Remarks" below. |
| **Table grapes and wine grapes**<br><br>Downy mildew<br>(*Plasmopara viticola*) | 40 mℓ / 100 ℓ water<br>(100 – 600 mL/ha)<br>PLUS<br>200 mℓ **VALEO 500 SC** / 100 ℓ water<br>OR | Commence with a preventive spray programme as soon as conditions are conducive to disease development. Use the lower dose rate under conditions of low infection, and repeat at 10 – 14 day intervals. Use at the higher rate when infection pressure increases. Under conditions of high infection pressure, reduce the spray interval to 7 - 10 days and apply at least two consecutive |

| | | |
|---|---|---|
| | 100 g **MANCOZEB 800 WP** / 100 ℓ water.<br>OR<br>55 g **ALARIS WG** /100 ℓ water. | applications. Apply during the period of active growth of the plant as a high volume, full cover spray. Depending on the plant size, apply in 500 – 1 500 ℓ water / ha. Apply in a programme and use sufficient spray mixture to obtain adequate coverage.<br>Add a suitable adjuvant, at the recommended rate, to the spray mixture.<br>DO NOT APPLY MORE THAN 5 TIMES PER SEASON.<br>Read "Remarks" below.<br><br>**NOTE:**<br><br>For tank mixes of **VIDAC FLO** and **Alaris WG** on table and wine grapes, **21 days** should be allowed between the last application and harvest**.**<br><br>Some recommended tank mix partners of **VIDAC FLO** are known to cause tarnishing or marking on berries of table grape varieties. Consideration should be given to the manufacturer's application restrictions for tank mix partners on table grapes. **Do not** apply **VIDAC FLO** in combination with **MANCOZEB 800 WP** on table grapes after the pea-berry stage. **Do not** apply **VIDAC FLO** in combination with **Valeo 500 SC** on table grapes after the pre-blossom stage. |

**Remarks**

**VIDAC FLO** contains cymoxanil, a locally systemic fungicide with protective and curative properties against late blight of potato and downy mildew of grapes. **VIDAC FLO** on its own is not sufficiently effective against early blight when applied in a 10 – 14 day programme.

**ACKNOWLEDGEMENT OF TRADEMARKS**

| | |
|---|---|
| **Alaris WG (L 9102)** | Meridian Agrochemical Company (Pty) Ltd |
| **Mancozeb 800 WP (L 9169)** | Meridian Agrochemical Company (Pty) Ltd |
| **Solsan SC (L 9590)** | Meridian Agrochemical Company (Pty) Ltd |
| **Valeo 500 SC (L 9086)** | Meridian Agrochemical Company (Pty) Ltd |

**WAARSKUWINGS**
**Laat die volgende aantal dae toe tussen laaste bespuiting en oes, of vir gebruik as voedsel of voer:**

Tafeldruiwe ……………………………………………………………………………...21 dae*
Wyndruiwe ………………………………………………………………………………....14 dae
Aartappels.......…………………………………………………………………………...14 dae
Tamaties……........……………………………………………………………………...7 dae

*Wanneer **VIDAC FLO** in tenkmengsels op tafeldruiwe toegedien word, moet oorweging geskenk word aan die vervaardiger se aanbevole onthoudingsperiode vir daardie produkte.

BELANGRIK: Bogenoemde onthoudingsperiodes is gebasseer op plaaslike vereistes vir residuvlakke en mag verskil van ander lande waarheen behandelde produkte moontlik uitgevoer mag word.

- Hanteer versigtig.
- Skadelik indien ingeasem of ingesluk word.
- Giftig vir visse en waterorganismes.
- Bêre agter slot-en-grendel in ‘n koel, droë plek, weg van vogtige lug en water.
- Bêre weg van voedsel, voer, kunsmis en ander landbouprodukte.
- Bêre in die oorsponklike houer wat styf toegedraai is, in ‘n veilige goed geventileerde area.
- Hou buite bereik van kinders, ongeligte persone en diere.
- **Herbetreding** – Moenie die behandelde gebied betree alvorens die spuitneerslag droog is nie, tensy beskermende oorklere gedra word.
- **VIDAC FLO** is sonder enige fitotoksisiteitskade op die mees belangrikste kommersiële kultivars getoets. Meer vatbare kultivars mag in die toekoms vrygestel word wat eers getoets moet word; hiervoor moet **VIDAC FLO** eers op ‘n klein toetsoppervlakte aangewend word, alvorens groot kommersiële bespuitings gemaak word.

**Alhoewel hierdie middel omvattend onder ‘n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie, aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale grond-, klimaats- en bergingstoestande; kwaliteit van verdunningswater; verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangdui is nie en die voorkoms van weerstand van die siekte teen die betrokke middel sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing of vir nadelige effek op mens of dier of vir ‘n gebrek aan prestasie van die betrokke middele as gevolg van die versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.**

**VOORSORGMATREËLS**

- Moenie dampe of spuitnewel inasem nie.
- Vermy vel en oogkontak deur beskermende oorklere te dra wanneer produk vermeng word. In geval van oogkontak, spoel met groot hoeveelhede water en kry mediese hulp indien nodig.
- Was met seep en water na gebruik en toevallige velkontak.
- Was besoedelde klere na gebruik.
- Moenie eet, drink of rook tydens vemenging of toediening van die produk, of voordat hande en gesig gewas is nie.
- Vermy wegdrywing van spuitstof na ander gewasse, weiding, riviere, damme en ander areas wat nie onder behandeling is nie.
- Maak toedieningsapparaat skoon na gebruik. Raak ontslae van uitspoelwater waar dit nie gewasse, weidings, riviere, damme en ander waterbronne kan besoedel nie.

- Houers moet heeltemal leeg wees voordat hulle vernietig word.
- Moenie die leë houer vir enige ander doel gebruik nie.
- Voorkom besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.

**WEERSTANDSWAARSKUWING**

Vir weerstandsbestuur is **VIDAC FLO** ‘n groepkode 27 swamdoder. Enige swampopulasie mag individue besit wat natuurlik weerstandbiedend is teen **VIDAC FLO** en ander groepkode 27 swamdoders. Die weerstandbiedende individue kan uiteindelik die siekte-populasie oorheers indien hierdie swamdoders aanhoudend gebruik word. Hierdie weerstandbiedende individue mag dalk nie deur **VIDAC FLO,** of enige ander groepkode 27 swamdoder, beheer word nie.

**Om swamweerstand te vertraag:**

- Vermy die eksklusiewe herhaardelike gebruik van swamdoders van dieselfde groepkode. Wissel af met, of gebruik tenkmengsels van, produkte van verskillende swamdodergroepkodes.
- ‘n Spuitprogram of tenkmengsels met verskillende metodes van werking mag die opbou van weerstandstandbiedendheid vertraag.
- Integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing, biologies) in siektebeheerprogramme.

Aangesien die voorkoms van weerstand nie voorspel kan word nie, word gebruikers aangeraai om behandelde gewasse noukeurig dop te hou. Indien die behandeling met **VIDAC FLO** soos aanbeveel nie doeltreffend was nie, mag ‘n weerstandbiedende populasie teenwoordig wees. Indien ‘n weerstandbiedende populasie positief geïdentifiseer word, moet daar onmiddellik oorweging geskenk word aan die gebruik van ‘n swamdoder met ‘n ander metode van werking, waarvan daar geen rekord van weerstand teen die betrokke siekte is. Vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur kontak die registrasiehouer van hierdie produk.

**GEBRUIKSBEPERKINGS**

- Die opname en werking van sistemiese produkte mag verlaag word wanneer gewasse onder ernstige droogte- en/of voedingsgebrektoestande verkeer. Moenie **VIDAC FLO** onder sulke toestande toedien nie.
- Spuitprogramme met **VIDAC FLO** moet in aanvang neem voor die siekte(s) posvat.
- Moet nie **VIDAC FLO** op enige gewas of situasie gebruik wat nie op hierdie etiket angedui is nie.
- Dien **VIDAC FLO** slegs met akkurate en veilige toedieningsmetode toe.
- Moenie hierdie produk in kombinasie of in tenkmengsels met enige ander produk of landbouproduk toedien wat nie spesifiek in die etiket geregistreer is nie. Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk. aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige negatiewe effek wat ondervind is, indien die instruksies, wat op die etiket aangedui is, nie nagevolg word nie, tensy ‘n Meridian verteenwoordiger vooraf geraadpleeg is.
- Indien **VIDAC FLO** in kombinasie gebruik word met ander aanbevole produkte, moet aandag geskenk word aan daardie beperkings van die betrokke produkte.

**GEBRUIKSAANWYSINGS**
**Gebruik slegs soos aangedui.**

**MENGINSTRUKSIES**

Maak die spuittenk halfvol met skoon water. Voeg dan die verlangde hoeveelheid **VIDAC FLO** by die water in die tenk, terwyl dit geroer word. Moenie brakwater gebruik nie. Indien tenkmengsels met ander produkte gebruik word, volg die onderskeie vervaardigers se etiket aanbevelings. Waar benatbare poeier formulerings in kombinasie met **VIDAC FLO** gebruik word, moet daar eers ‘n flodder gemaak word met die poeier en water, gemeng word in die

spuittenk, en eers dan moet die **VIDAC FLO** bygevoeg word. **Tenkmengsels moet onmiddellik uitgespuit word en nie toegelaat word om in die spuittenk te staan nie.** Verseker konstante roering tydens die toediening van die mengsel. Die spuittoerusting moet deeglik uitgespoel word aan die einde van 'n spuitsessie.

**VERENIGBAARHEID**

Die mengbaarheid van **VIDAC FLO** met ander produkte hang van die formulering van die betrokke produkte af, sowel as van die gehalte van die spuitwater wat gebruik word. Deurdat formulerings van tyd tot tyd kan verander word dit aanbeveel om 'n verenigbaarheidstoets te doen alvorens 'n tenkmengsel gemaak word. Moenie tenkmengsels van **VIDAC FLO** met produkte maak wat 'n alkaliese reaksie het nie. **VIDAC FLO** is verenigbaar met die meeste landboumiddels wat algemeen op die onderstaande gewasse gebruik word. **VIDAC FLO** is verenigbaar met **Alaris WG** (L 9102), **Mancozeb 800 WP** (L 9169), **Solsan SC** ( L 9590) en **Valeo 500 SC** (L 9086).

**METODE VAN WERKING**

Simoksanil is 'n blaarswamdoder met beskermende en kuratiewe werking. Dit het kontak en lokaal sistemiese werking en inhibeer spoorontkieming.

**TOEDIENINGSMETODES**

Maak seker dat die toerusting korrek gekalibreer is en gereeld tydens toediening nagegaan word om egalige en akkurate toediening te verseker. **VIDAC FLO** kan toedgedien word met konvensionele trekkerspuite in 300 – 1 500 ℓ water/ha sowel as hoë-volume newelblasers. **Konstante roering deur die hele spuitproses is noodsaaklik**. Slegs skoon water moet gebruik word.

**AANBEVELINGS**

| GEWAS / SIEKTE | DOSIS | OPMERKINGS |
|---|---|---|
| **Aartappels en tamaties**<br>Laatroes<br>(*Phytophthora infestans*)<br><br>Vroeë roes<br>(*Alternaria solani*) | 600 mℓ / ha<br>**PLUS**<br>'n geskikte kontak swamdoder soos **VALEO 500 SC** (L. 9086), **MANCOZEB 800 WP** (L. 9169) of **SOLSAN SC** (L. 9590) teen die aanbevole dosis. | Begin met 'n voorkomende spuitprogram sodra toestande gunstig vir siekte ontwikkeling is. Onder toestande van lae infeksie, dien elke 10 – 14 dae toe. Onder toestande met hoë- siektedruk, moet die spuitinterval verminder word na 7 – 10 dae, en dien ten minste twee agtereenvolgende **VIDAC FLO** bespuitings toe en die hoogste aanbevole dosis van die geselekteerde mengvennoot. Dien gedurende periodes van aktiewe plantegroei in 'n hoë-volume, voldekbespuiting toe. Afhangend van plantgrootte, dien toe in 300 – 1 500 ℓ water per ha. Dien toe in 'n program en gebruik genoegsame spuitmengsel om deeglike bedekking te verseker. Voeg 'n geskikte benatter soos gewas olie konsentraat by, teen die aanbevole dosis, veral as reën verwag word.<br>MOENIE MEER AS 5 KEER PER SEISOEN GEBRUIK NIE.<br>Raadpleeg die betrokke kontakswamdoderetikette vir volle aanduidings en beperkings.<br>Lees "Opmerkings" hieronder. |

| | | |
|---|---|---|
| **Tafeldruiwe en wyndruiwe**<br><br>Donsskimmel<br>(*Plasmopara viticola*) | 40 mℓ / 100 ℓ water<br>(100 – 600 mℓ/ha)<br>PLUS<br>200 mℓ **VALEO 500 SC**/100 ℓ water<br>OF<br>100 g **MANCOZEB 800 WP** / 100 ℓ water.<br>OF<br>55 g **ALARIS WG** /100 ℓ water. | Begin met 'n beskermende spuitprogram sodra toestande gunstig vir siekte ontwikkeling is. Gebruik die laer dosis onder laer infeksie-toestande, en herhaal elke 10 – 14 dae. Gebruik die hoër dosis met korter intervalle wanneer infeksiedruk hoër is. Onder toestande van hoë-siektedruk, verminder die spuitinterval na 7 - 10 dae en spuit ten minste twee keer agtereenvolgende bespuitings. Dien toe gedurende periodes van aktiewe plantegroei in 'n hoë- volume, voldekbespuiting. Afhangend van plantgrootte, dien toe in 500 – 1 500 ℓ water/ha. Dien toe in 'n program en gebruik genoegsame spuitmengsel om deeglike bedekking te verseker. Voeg 'n geskikte benatter by die tenkmengsel teen die aanbevole dosis.<br>MOENIE MEER AS 5 KEER PER SEISOEN GEBRUIK NIE.<br>Lees "Opmerkings" hieronder.<br><br>**NOTA:**<br>Vir tenkmengsels van **VIDAC FLO** en **Alaris WG** op tafel- en wyndruiwe, moet **21 dae** tussen laaste toediening en oes toegelaat word.<br>Sommige aanbevole tenkmengselvennote van **VIDAC FLO** is bekend daarvoor dat dit verkleuring of merke op korrels van tafeldruifvariëteite veroorsaak. Oorweging moet gegee word aan toedieningsbeperkings van die vervaardigers vir tenkmengselvennote op tafeldruiwe. Moet nie **VIDAC FLO** in kombinasie met **MANCOZEB 800 WP** op tafeldruiwe na die ertjiekorrelstadium toedien nie. Moet nie **VIDAC FLO** in kombinasie met **Valeo 500 SC** na die voorblom-stadium op tafeldruiwe toedien nie. |

**Opmerkings**

**VIDAC FLO** bevat Simoksanil, 'n lokaal sistemiese swamdoder met beskermende en kuratiewe eienskappe teen laatroes en donsige skimmel. **VIDAC FLO** op sy eie is nie voldoende teen vroëeroes wanneer dit in 'n 10 – 14 dae program toegedien word nie.

**ERKENNING VAN HANDELSMERKE**

| | |
|---|---|
| **Alaris WG (L. 9102)** | Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk. |
| **Mancozeb 800 WP (L. 9169)** | Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk. |
| **Solsan SC (L. 9590)** | Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk. |
| **Valeo 500 SC (L. 9086)** | Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk. |